Japie Grobler
13 Meersig 1 39 Panorama Avenue EDLEEN 1619
Tel/Fax: 011-394-3080 Sel: 082-920-3545
E-mail: kies_ciec@telkomsa.net

2006-06-09

Die Redakteur
Kerkbode
Privaatsak X18
WELLINGTON
7654

Ek ondersteun Cobus de Klerk van die Strand se skrywe in Kerkbode 9 Junie waarin hy in wese saam met Adrio König se reaksie op Julian Müller se standpunte oor die opstanding van Jesus Christus stem en reageer terselfdertyd as volg op die boekresensie van Müller se boek, ***Opstanding***.

Nadat ek prof. Julian Müller se boek *Opstanding* met aandag deurgelees het, is ek nog steeds in die duister oor wat hy eintlik oor die opstanding van Jesus Christus glo. Soos ’n tipiese politikus gebruik hy ’n stortvloed van woorde maar kom nooit tot die punt of beantwoord die vraag op die tafel nie. Natuurlik is hy reg as hy sê dat Jesus se opstanding nie gelyk is aan Lasarus s’n nie. Jesus het met ’n ander soort liggaam uit die graf gekom, maar soos ek die Skrif verstaan was dit werklik en Müller hou aan om dit metafories te beskryf, wat vir my klink asof hy suggereer dat dit nie werklik plaasgevind het nie—Jesus het maar net in die gedagtes, of dan nou verbeelding, van Sy volgelinge opgestaan.

Dalk is die Wagtoring Organisasie reg want hulle leer reeds vir jare dat God (Jehova) Jesus se liggaam in gasse laat opgaan het, dat Jesus as geespersoon uit die graf gekom het en almal aan wie Hy verskyn het “vergas” en verras het deur in verskillende liggame te materialiseer: (1.) die van die tuinier aan Maria Magdalena, (2.) ’n onbekende aan die Emmausgangers, (3.) met die tekens van die kruisiging daarin terwille van Tomas se ongeloof ensovoorts, sodat hierdie arme twyfelaar tog maar net ook sal glo. Na alles, net ’n gees (spook) kan tog skielik in ’n vertrek waarvan die deure gesluit is verskyn, of net so maklik op enige ander plek verskyn en weer verdwyn.

Wat ek in die Skrif lees is die volgende: Maria Magdalena was vroeg by die graf en die moontlikheid was groot dat die lig nog nie goed was nie. Toe sy iemand sien is die logiese dat sy dalk die tuinier kon verwag, want wie verwag mens normaalweg in ’n tuin anders as die tuinier? Die laaste ding wat sy verwag het was dat ’n dooie sou opstaan. En die Emmausganers? Ek lees die volgende in die Skrif: “*maar **hulle oë is verhinder** om Hom te herken*” want daar was ’n doel agter, Jesus het die skrifte wat vooruit na al hierdie dinge verwys het aan hulle verduidelik. Nadat dit gedoen was “*…**gaan hulle oë oop**, en hulle het Hom herken…*” (Luk 24:16,31) Lyk vir my daar was ’n Goddelike doel en ingryp daaragter. Dit is ironies dat wanneer ’n hipnotis op ’n verhoog sommer ’n hele paar mense se oë deur suggestie “sluit” sodat hulle byvoorbeeld geen mense sien nie, en daarna dit met die klap van sy vingers “oopmaak” en hulle die hipnotis en die gehoor sien is dit aanvaarbaar, maar buite die vermoë van die almagtige God!

En later in dieselfde hoofstuk van Lukas (vv. 39&40)? toe hulle (Sy dissipels) nog twyfel nooi Hy hulle uit: *"Kyk na my hande en my voete: dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! 'n Gees het tog nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie."* Om hulle vertwyfeling finaal die nek in te slaan vra Hy: *"Het julle hier iets om te eet?... en voor hulle oë geëet."*, nie dat Sy anderssoortige liggaam (1 Kor 15) voedsel benodig nie, maar om hulle as twyfelaars te oortuig dat al het die opgestane liggaam ander vermoëns is dit nog op een of ander manier fisiek (om Muller se woord se gebruik). Hiervoor het duisende martelare in die verlede wreed gesterf en in sommige lande gebeur dit vandag nog steeds.

As ek hierdie dinge deur die slim en geleerde lees, dan kry ek waarlik 'n idee waaroor Luk 10:21 gaan waar Jesus tot die Vader bid: *"Ek prys U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het. Ja, Vader, so was dit u genadige bedoeling."* Om nie 1 Kor 1:18-19 te vergeet nie: *"Die boodskap van die kruis* [vir my sluit dit ook die opstanding in] *van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God. Daar staan tog geskrywe: Die wysheid van die wyses sal Ek vernietig, en die geleerdheid van die geleerdes sal Ek tot niet maak."*

Het Jesus werklik uit die graf gekom êrens in die geskiedenis en was dit in liggaamlike vorm? **Dis die vraag wat Müller aanhouend ontduik!**

Geen wonder misleiding soos deur Brown se Da Vinci Code aan miljoene voorgehou, word al meer geloofbaar nie. Is Müller en ander slim teoloë dalk reg en het die Kerk gelowiges vir eeue mislei deur die waarheid vir hulle te verberg?

Japie Grobler

****